Teks: Jes 60:1-6 - Epifaniefees
Tema: God se lig skyn oor jou
4 Januarie 2009

NAV: Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. [2]Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid. [3]Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het. [4]Kyk rondom jou, kyk, hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe: jou seuns kom van ver af, jou dogters word met liefde gebring. [5]Jy sal dit sien en van vreugde straal, jy sal bewe van blydskap, want die rykdom van die see word joune, die skatte van die nasies kom in jou besit. [6]Jou land sal vol kamele wees, jong kamele uit Midian en Efa. Almal wat uit Skeba kom, bring goud en wierook en verkondig die lof van die Here.

Nuwe Lewende Vertaling: Staan op, Jerusalem, laat jou lig skyn sodat alle volke kan sien! Want die Here se heerlikheid skyn op jou. 2. Duisternis kom oor die aarde, donkerte oor al die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy teenwoordigheid. 3. Nasies sal stroom na jou lig, en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het. 4. Kyk rondom jou. Hulle kom almal bymekaar. Jou seuns kom uit ver lande. Jou dogtertjies word op die heup gedra. 5. Jy sal dit sien, jou oë sal blink, en jou hart sal bons van vreugde. Die rykdom van die see sal na jou gebring word. Die rykdom van die nasies sal jou besittings wees. 6. Troppe kamele kom na jou toe, jong kamele uit Midian en Efa. Almal wat uit Skeba kom, bring goud en wierook en verkondig die lof van die Here.

Preek:
Die teks wat na my uitspring, is die gedeelte in vs 1 wat lui: “Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.” Die Lewende Vertaling lui: “Die Here se heerlikheid skyn op jou”. Dit is die boodskap wat my opgewonde maak: God wat lig is en in Jesus Christus lig vir die wêreld gebring het. Hierdie lig is ook in ander woorde sy magtige teenwoordigheid en heerlikheid. ‘n Mens sou ook kon sê: God se lig is onder andere gelyk aan sy heerlikheid en dit word sigbaar in sy magtige teenwoordigheid. Johannes skryf aangrypend hieroor: “[9]Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid”. God as lig, God se magtige teenwoordigheid en heerlikheid wat in Christus Jesus sigbaar word, word hier langs mekaar geplaas.

Waar God teenwoordig is, straal sy lig en heerlikheid uit. Waar Hy ookal kom, is daar lig. God is nie soos ’n swygende standbeeld op ’n kliptroon nie, is nie passief, staties of dood nie. God is dinamies, te dinamies om deur die duisternis gedikteer te word. Johannes sê dit so mooi: “[4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie”. Wat ‘n ongelooflike troos: God se lig word nie deur die duisternis rondom ons uitgedoof nie, of die duisternis wat onsself skep deur ons ongehoorsaamheid aan God nie; God se lig word ook nie uitgedoof deur ‘n ekonomiese of politieke krisis nie; die lig word ook nie uitgedoof deur onheil wat ons tref nie nie. Trouens dit is juis in sulke tye waarin jy weer dalk opnuut die lig ontdek, raaksien en waardeer. Die Psalmdigter verwoord dit so mooi in Ps 139: “[7]Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? [8]Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. [9]Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, [10]ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas. [11]Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander, [12]maar vir

U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig".

Dat God lig is; dat God die aarde vul met sy teenwoordig en heerlikheid – dit het vir die mense in Jesaja se tyd hoop gegee, lewe gegee, vreugde gebring. Dat God in Jesus Christus 'n groter tree gegee het om hierdie lig, heerlikheid en teenwoordigheid meer sigbaar te maak, bring hoop, lewe en vreugde. Dit gee vir my hoop, lewe en vreugde.

Jy kan jou natuurlik maklik misgis met die ervaring van God se heerlikheid en magtige teenwoordigheid deur Jesus Christus. Soms is dit baie opsigtelik, omstraal die glans van God se teenwoordigheid in Christus jou so dat jy totaal-en-al daardeur oorweldig word. Dit kan gebeur met jou bekering; 'n wonderbaarlike ervaring dat jy deur God genees is; in 'n oomblik wanneer jy net besef: As dit nie vir God se hand was nie . . .

Waarmee ons onsself maklik misgis, is dat God se teenwoordigheid soms so intens is dat jy dit beswaarlik met jou menslike sintuie kan waarneem – jy besef dit soms eers later wanneer jy weer terugdink oor wat jy beleef het of wat die effek daarvan werklik is/was. Dink maar net aan die geboorte van Jesus Christus: Vir baie het dit op daardie stadium geen sin gemaak nie; dit was nie vir hulle 'n oomblik van God se magtige teenwoordigheid nie – dit was maar net die geboorte van nog 'n klein babatjie. Vir die skaapwagters en die sterrekykers het dit betekenis gehad, maar vir baie ander geen betekenis nie. Dit is altyd vir my so hartseer om Johannes te lees wanneer hy sê: "[9]Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. [10]Hy wás in die wêreld—die wêreld het deur Hom tot stand gekom—en tog het die wêreld Hom nie erken nie. [11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie." Dit is asof Johannes wil sê: Kan julle dit glo – op 'n besondere manier openbaar God Homself aan mense en hulle sien dit nie raak nie. Dit kan so maklik gebeur dat 'n oomblik van God se magtige verkyning by ons verbygaan omdat ons menslike sintuie nie daarop ingestel is nie. Die mense van daardie tyd was so behep met hul eie prentjie van God, dat toe God 'n prentjie van Homself aan hulle kom gee/skets, hulle dit eenvoudig nie kon raaksien nie. Dit is natuurlik 'n vandag nog steeds 'n gevaar dat ons so behep kan raak met ons eie prentjie van God dat Sy heerlikheid, vol van genade en waarheid, totaal-en-al by ons verbygaan. Ek sien dit op so baie maniere – mense raak soms so vasgevang in 'n bepaalde aspek of verstaan van die Woord dat jy soms net wonder wat het geword van God se verlossing en die vreugde daarvan oor sy/haar lewe.

Soms besef 'n mens weer opnuut God se magtige teenwoordigheid en heerlikheid in sulke, soms onverwagte, oomblikke wanneer 'n baba/kind gedoop word; wanneer 'n jongmens belydenis van geloof aflê; wanneer jy oor die groot dae al jou kinders rondom jou kon hê en net weer opnuut tot die besef kom hoe God alles ten goede laat meewerk; wanneer jy intens bewus word van hoe God persoonlik met jou 'n pad loop. Soms word 'n mens net bewus van die Here se magtige teenwoordigheid en heerlikheid in die klein dingetjies wat met en rondom jou gebeur. God hoef ons nie altyd te oorweldig om in sy magtige teenwoordigheid en heerlikheid by ons te wees nie. Soms staan jy sommer net in jou eie tuin en 'n bepaalde blom met al sy/haar skoonheid maak jou bewus van God se magtige teenwoordigheid.

Wat my ook in die teks tref, is die persoonlike doelgerigheid van God se heerlikheid: "Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring". ". . . oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy teenwoordigheid". God se heerlikheid is gerig aan 'n bepaalde adres: In die eerste plek

aan Sy kinders in Jerusalem; aan die kerk; aan jou persoonlik. Daarom kon Johannes sê: "[12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore". Om te kan glo, om die Here Jesus as Verlosser en Here aan te neem, is ook teken van God se heerlikheid, van Sy lig wat oor mense skyn.

Ek het die jaar begin met 'n nuwe bril. Die nuwe bril bring weer 'n nuwe dimensie aan my sig en daarom ook aan my totale menswees. Skielik is dinge sommer weer duideliker; dinge wat voorheen onbewustelik by jou verbygegaan het. Ek het ook 'n behoefte om hierdie jaar met nuwe geloofsoë te begin – geloofsoë wat my meer bewus sal maak van God se magtige teenwoordigheid en heerlikheid in Jesus Christus; God se lig wat oor ons/my skyn. My verbeterde visie is nie agv my nuwe brilraam nie, maar van verbeterde lense. Dalk moet ons weer kyk na die lense wat ons nodig het om met geloofsoë te kan kyk. Ek kan aan heelwat lense dink wat ons hiermee kan help:

- Die Woord van God as riglyn vir ons lewe. Die Bybelse boodskap was altyd vir die kerk, God se kinders, ook 'n rigsnoer vir die lewe – nie net vir die geloof nie. Deur die eeue, alhoewel op talle verskillende maniere, het die Bybelse boodskap gelowiges onderrig, vermaan, gelei, geleer, geïnspireer en georiënteer, ook met die oog op die lewe.
- Die kerk as hawe waar ons versorg, geïnspireer, toegerus, gemobiliseer en begelei word om as 7-dag Christene te leef. Die saam-lees en saam-luister, na mekaar en juis so ook na die Woord, vorm die hart van die Christelike kerk.
- Die aanbidding van God of fokus op God. Die gevaar is natuurlik ook altyd daar dat ons so besig kan wees met die verstaan/uitleg van die Woord en die organisering van die gemeente sonder om op God gefokus te wees. Dit gaan in die kerk nie oor die kerk nie; dit gaan in die kerk ook nie oor die Bybel nie, maar dit gaan oor God!! Die kerk behoort altyd soos 'n venster te wees waardeur 'n mens God helder sien en hoor. Ons teks sê: "[3]Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het. [4]Kyk rondom jou, kyk, hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe: jou seuns kom van ver af, jou dogters word met liefde gebring". Daar waar God is, daar word die kerk 'n aantrekkingskrag.
- Gerig op die lewe. Die God wat ons deur die Woord leer ken, neem ons nie uit die wêreld weg nie, maar stuur ons juis die wêreld in. God stuur ons die wêreld in omdat Hy die wêreld liefhet en dit wil red. In hierdie wêreld het ons 'n drievoudige taak, naamlik: om die kennis van God, die lewend God wat ons in Christus Jesus leer ken het, te versprei; om die genade en die liefde wat ons van die Here ontvang het na ander deur te gee, deur te leef; om mense te wees wat, soos God, glo in reg en geregtigheid en billikheid vir almal en wat wil help skep aan 'n wêreld waaron ons meer daarvan kan sien. Wie die lig van God se teenwoordigheid beleef het, wil ander ook die lig laat sien. Jesaja begin nie maar toevallig met 'n oproep aan die volk om hul lig te laat skyn nie: "Kom Jerusalem, laat skyn jou lig!!" Jesus Christus, die Lig vir die wêreld is juis die een wat aan sy dissipels en ons in Matt 5 die opdrag gee: [14]"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; [15]ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. [16]Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Paulus verwoord dit later in Fil 2:15 so: "Tree

onder hulle (die ontaarde en korrupte mense) as ligdraers op deur die woord van die lewe uit te dra".

- Bewus van ons swakheid. Sonde is 'n veel groter probleem as wat ons meestal dink. Dit het ingekruip tot in die diepste vesels van ons lewe, en ook ons wese en ons wil aangetas. Wat ons voor die Here moet bely, is nie net dat ons sonde doen nie, maar ook dat ons sondaar is. Gelukkig, omdat God in Christus Jesus sy heerlikheid oor ons laat skyn het, hoef ons nie langer ons sonde te ontken, dit weg te steek, dit te vergoeilik of op allerhande maniere daarvoor te probeer kompenseer nie; ons kan dit met vrymoedigheid na die Here neem, want Hy is 'n God wat baie genade vir sondaars het. Daar is 'n baie mooi storie van Thomas Edison wat so van toepassing is op ons as kerk. Edison en sy span werkers het op 'n stadium 24 uur onverpoos gewerk om die prototipe van die eerste gloeilamp wat van baie dun glas gemaak was, gereed te kry. Die jongste lid van die span, 'n seun, is gevra om dit teen die trap op te dra na die boonste verdieping waar hulle dit sou toets. By die derde trappie het die seun geval en die gloelamp het in skerwe voor hulle gespat. Edison het oor sy oë gevee en gesê: Ons het werk om te doen. Hulle het toe weer 24 uur sonder ophou gewerk om die tweede gloeilamp gereed te kry. Edison het toe na die seun toe gestap wat die eerste gloelamp laat val het en gesê: "Seun, jou werk is nog nie klaar nie!" Die seun het teen die trap uitgestap, die gloeilamp veilig afgelewer en die res is geskiedenis. Dit is ook die kerk en ons verhaal. Hoeveel keer laat ons nie die lig val nie, struikel ons en stel God teleur. En tog vertrou God ons telkens weer met hierdie lig.
- In die krag van die Gees. Ons kan bekostig om so eerlik oor die lewe en oor die swakheid van ons sonde te wees, omdat ons weet dat God die Gees se liefde en genade nog veel groter as ons sonde is. Die omgekeerde is nog meer waar: As jou God klein en sy liefde en genade min is, moet jou probleme liewer nie te groot wees nie, want ander sal Hy jou nie kan help nie. Terwyl ons met ons hele wese vashou aan die versoenende dood van Christus, weet ons dat ons ook meer as dit nodig het. As Iemand nie kom en die gawes van Christus na ons bring, of meer nog in ons lewens inbring nie, is dit werklikheid dat ons nie kan leef uit die versooening in Christus nie. Ons bely daarom dat die Heilige Gees die Een is wat die heilsweldade en gawes van Christus in ons lewens indra en toepas. Die Heilige Gees is Christus se lewewekkende krag – wat deur niks en niemand gekeer word nie. Hierdie Gees van Christus is ook in jou en my werksaam. Dit is deel van God magtige teenwoordigheid wat vir jou lig gebring gebring het.

Ek sluit af met vers 1: "Staan op, Jerusalem, laat jou lig skyn sodat alle volke kan sien! Want die Here se heerlikheid skyn op jou". Die vertaling van die Nuwe Lewende Vertaling: "Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring". Ons dit ook kon lees: Kom, Helderberg, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Of: Kom, (Jou eie naam), laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.